Journalism Department
University of Stellenbosch

# LIP 2009
## woordfees

6 – 15 MARCH 2009 | VOLUME 4



Vanjaar se feeskunstenaar Willie Bester skep steeds uit optelgoed die soort kuns wat 'n mens dwing om binnetoe te kyk. Lees die storie op bl. 5.

Music lovers jammed to Dorpstraat Theatre's intimate selection of jazz and rock performances. See p. 11 for more.

Sandra Prinsloo was 'n wegholsukses in 'Die Naaimasjien'. Lees hoe sy behoorlik die trane in die teater laat rol het op bl. 3.

And on p. 9, read the story of three men whose books have made a lasting impression on the world of Afrikaans literature.




# Die woord het fees geword en onder ons kom woon

Die Wes-Kaap is 'n vreemde land vir diegene van die ander kant van die Tonnel.

Hier stóp mense by voetoorgange, by vulstasies word jy in Afrikaans bedien en daar is selfs 'n kans dat jy hier 'n regering kan aantref wat nie deur die ANC oorheers word nie.

Die tiende jaarlikse Woordfees, aangebied deur die Universiteit van Stellenbosch se departement Afrikaans en Nederlands is eweneens so 'n rare verskynsel.

Mense van die land van mynhope en jakarandas is gewoond aan feeste soos Aardklop en selfs die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees.

Dáár is die Huisgenoot-tent vroeg reeds vol mense met piekniekmandjies of kiste bier en is Dowwe Dolla bo aan die lys van vermaak. Ander drentel van stalletjie tot stalletjie, elkeen met sy eie oorverdowende musiek.

Mnr Eduard Rosenstrauch, die Woordfees se projekbestuurder, sê dit is juis nie die doel van die Eikestad-fees nie. "Ons probeer spesifiek nie die stalletjies en goed, daai straatfees namaak nie. Dit wat ons Saterdag doen, is op 'n baie kleiner skaal sodat mense nie vertrap word nie."

André P. Brink het as spreker by die opening van die Woordfees aangedui dat daar deesdae feeste agter elke bos en klip is. Die belangrike Afrikaanse skrywer het verduidelik waarom veral die Woordfees dus so belangrik is om taal te bevorder.

Hy het die verhaal vertel van 'n jongseun in 'n Nazi-konsentrasiekamp wat beveel is om 'n skoenlapper te teken. Die seun skryf toe eenvoudig dat hy geen skoenlappers kon sien nie. "Ons enigste antwoord op die donker samelewing is die woord," sê Brink.

En so het die fees van 2009 steeds gefokus op die woord, veral die Afrikaanse woord. Skrywers het soos gewoonlik voorgelees en onderhoude gevoer, maar dit was in *Aan Tafel* wat feesgangers regtig nader aan die skrywers en kunstenaars gebring is. Hier is middagete of aandete geniet terwyl onderhoude rondom die tafel met die verskillende persoonlikhede gevoer is. Die gehoor het ook later kans gekry om vrae te stel. Interaksie, interaksie ...

Woorde bestryk ook ander kunsvorme en hiervan het die fees deeglik kennis gegee. Debatte met denkers en meningsvormers, die Sanlam-dramafees, 'n verskeidenheid digkuns, lirieke en musiek was deel van die aanbod.

Al die groot name in die Afrikaanse kunswêreld, met die waarskynlike uitsondering van Steve, het op die program verskyn.

Om alles te kroon, het vanjaar se fees saamgeval met 'n hele paar belangrike verjaarsdae, waaronder dié van Hennie Aucamp en PG du Plessis wat albei 75 word, en Chris Barnard 70.

Die Woordfees is vanjaar 10 jaar oud met "lag-lag" as die hooftema. Hulle wou meer komedie in vanjaar se fees hê, het Rosenstrauch gesê, want baie mense het deesdae 'n goeie rede nodig om te kan lag. Hieraan het Uys Krige se klassieke teaterproduksie, *Die Ryk Weduwee*, wat as die fees se vlagskip-produksie beskou word, volkome voldoen.

Dit is egter 'n fout dat die fees net gemik is op 'n verfynde, uitgelese minderheid.

Die fees het genoeg vermaak gebied om ook die studente te lok. Volgens Rosenstrauch is dit 'n probleem vir die Woordfees en die universiteit in sy geheel dat die studente onverskillig teenoor die fees staan. Dit is ondanks goedkoop kaartjies. "Studente sê hulle't nooit geld nie, maar dan gaan kuier hulle buitendien elke Vrydagaand," meen hy.

Oor die toekoms van die fees het Rosenstrauch gesê 'n groot besluit wag op die feesdirekteure. Dit kan of sy klein formaat behou of dit kan 'n groot "doef-doef"-fees word.

Hoe dit ookal sy, 'n mens kan nie anders nie as om optimisties te voel dat juis hierdie fees die versoenings- of eenheidsfees kan word wat die land so nodig het.

Dit nou te oordeel aan baanbrekende produksies soos *Dig Deep Paseka and Refiloe-Hape* wat vanjaar by die fees te sien was. Antjie Krog, een van Afrikaans se uitsonderlikste woordkunstenaars, het vir dié woordmusiekopvoering tradisionele Sotho-liedjies en gedigte in Afrikaans vertaal. (Lees gerus op bl. 4 Olebogeng Molatlhwa se stuk oor dié produksie.)

En dalk moet 'n mens volstaan met die woorde van prof Russel Botman, rektor van die US: "Dis lag-lag vorentoe, nie agtertoe nie."

**– CHARL DU PLESSIS**

***VOORBLADFOTO: MARTINETTE LOUW***

# Lag-lag op snaaks se kop

## 'Die Ryk Weduwee' 'n komiese juweel

**TRACEY-LEE DAVIS**

Buite die saal staan 'n lang ry mense. Duidelik opgewonde.

Uys Krige se klassieke komedie, *Die Ryk Weduwee*, hoogtepunt van vanjaar se "Lag-Lag Tien Jaar" word opgevoer.

Die stuk speel oorspronklik in die 1920's af, maar regisseur Juanita Swanepoel het die tyd na die 1950's verplaas. Die stel is 'n warm sitkamer, klavier in die een hoek. Die huiswerker, gespeel deur Martelize Kolver, kom in om bietjie af te stof en reg te trek.

Hier op haar plaas Soete Inval, is die weduwee Anna de Kock (Elsabé Daneel in dié rol) deurgaans in praguitrustings geklee. Opgetooi in 'n snyerspakkie wat kuis tot op die knie kom, is Daneel die vergestalting van die ordentlike, welgestelde vrou. Drie moontlike huwelikskandidate, elk ewe gevat, oorval die weduwee op een dag.

Die professor, gespeel deur Waldemar Schultz, daag eerste op. Hy is verstrooid, doen snaakse oefeninge en is vreeslik lomp. Hy word aangepor deur Anna se vriendin Christine Vermaak, gespeel deur Susanne Beyers. Beyers speel hier die tipiese tannie, bobaas-konfytmaker op die dorp, wat alewig aan die praat is. Volgens haar is "geluk en ongeluk 'n gewoonte", so Anna moet darem aan die trou kom sodat sy weer die lewe kan geniet!

Chris van Niekerk (as Meneer Naudé – die gebruiklike afkorting, mnr, beslis nie vir dié meneer nie!) laat die gehoor amper op die vloer lê met sy koddigheid. Meneer Naudé is 'n prokureur, diaken en die onderburgermeester van Malmesbury. Hy hou hom ewe netjies en het al 'n paar vroue om hul hand gevra, Malmesbury se bry en al.

Meneer De Waal (gespeel deur Johann Nel) is nóg 'n wewenaar wat aan Anna se deur klop. Maar dis sy dogter (Roeline Daneel) wat geluk vind met Anna se seun Jan de Kock. Jan word gespeel deur Raymond Randall, en is 'n komponis wat tot op hede nie sy groot liefde gevind het nie.

Die kandidate probeer alles om Anna se hart te steel, maar sy val nie vir enige man nie. Tog wag daar 'n verrassing op haar wat haar dwing om 'n keuse te maak.

Die (wan-)opvattings dat ryk weduwees net mans se aandag kry omdat die vroue ryk is, word hier op hul kop gekeer. Selfs toe dit blyk sy is nie so ryk nie, bly die mans gewillig.

*Die Ryk Weduwee* is 'n komedie wat jou letterlik uit jou maag laat lag. Die gehoor hou asem op toe die prof vir Meneer Naudé oefeninge aanleer. Een van die vele oomblikke van waansin in die toneelstuk.

Daneel speel tans in *7de laan*, en Schultz en Van Niekerk is ook bekende gesigte vir Laan-aanhangers. Maar dié akteurs se manewales en verspottigheid in *Die Ryk Weduwee* is beslis nie iets wat 'n mens elke weeksaand op die kassie sien nie.

In die toneelstuk sê Meneer Naudé: "Ek wil 'n weduwee se hart vul met gejubel." Menige hart was met pure genotvolle gejubel gevul toe hulle die saal uitstap.

Wat is dan nou beter as om jouself oor 'n mik te lag vir ander mense se doen en late? *Die Ryk Weduwee* is bemark as die blinkste juweel in vanjaar se Woordfees-kroon, en dit het beslis nie teleurgestel nie.



**Waldemar Schultz doen oefeninge terwyl Chris van Niekerk toekyk.**
**FOTO: SAMANTHA STEELE**

LIP editorial 2009

**EDITOR**
annelie maré

**SUB-EDITOR (AFRIKAANS)**
alet janse van rensburg

**ASSISTANT EDITOR**
charl du plessis

**SUB-EDITOR (ENGLISH)**
olebogeng molatlhwa

**PRODUCTION EDITOR**
kristen van schie

**PHOTOGRAPHERS**
mia cilliers
martinette louw
nokuthula ncala
samantha steele

**PHOTO EDITOR**
françois haasbroek

**LAYOUT**
blanché de vries | tarryn harbour

**WRITERS**
salette cloete | roeline daneel
tracey-lee davis | thinus dippenaar
colin hendricks | pieter-louis myburgh
jody nel | rudolf stehle
gerda-marié viviers | joe warren

**With special thanks to Jacolette Kloppers and Anastasia de Vries for the invaluable time and wisdom shared.**

# 'Die Naaimasjien': Stik vir stik na feessukses

## Sandra Prinsloo se stuk 'n groot treffer

THINUS DIPPENAAR

Selde ontlok 'n produksie soveel deernis by 'n gehoor soos *Die Naaimasjien*.

Magdaleen (Sandra Prinsloo) is 'n oumens en haar Bernina is lankal "'n huisgenoot, nie 'n kuiergas nie". Haar ou vriende is al oorlede en haar enigste geselskap is haar naaimasjien. So nou en dan bel haar kleinkind haar wel, maar dié praat skaars 'n sin met sy ouma voordat hy die telefoon aan sy ma gee.

*Die Naaimasjien* is 'n produksie wat die gehoor op 'n nostalgiese toer deur die geskiedenis neem. Jy stap saam met Magdaleen deur die vervloë dae waaraan sy so vasklou, haar jeug, haar vrouwees, haar vroulikheid en haar moederskap. "Ek het darem nog my herinneringe," vertel sy egter terwyl sy haar masjien poets.

Rachelle Greeff het die teks geskryf, met Hennie van Greunen in die regisseurstoel. Prinsloo pas selfs haar uitspraak en spraaktempo aan om haar karakter akkuraat te vertolk.

Magdaleen draai geen doekies om nie. Sy vertel hoe sy grootgemaak is – 'n regte Afrikanervrou in die middel van die apartheidsjare. Sy raak 'n metafoor vir die konserwatiewe.

Omdat sy so vasklou aan haar herinneringe, staan sy verandering teen. Sy leef in 'n wêreld waar alles aan die verander is. "Selfs die kerk is anders." En praatjies oor nuwe tegnologie verveel haar. Sy is heel tevrede met haar radio, ketel en naaimasjien.

Sy vertel hoe sy eens wou kyk hoe lank water in haar hand kon agterbly voordat dit verdwyn. Dan maak sy stadig haar hand oop, asof sy besef die lewe is net tydelik – haar lewe is aan die verbygaan.

Magdaleen se vroulikheid tree dikwels na vore, maar 'n mens word ook bewus van haar lewensmoegheid – hierdie vrou het al baie deurgemaak in haar leeftyd. Om ma te wees is vir Magdaleen 'n "doring in die vlees, maar ook die punt van haar hart".

Haar gay seun, Wimpie, was die seun vir wie sy liewer as die ander was. "Hy kon huil," verduidelik sy. Haar man wou hom nooit aanvaar nie en 'n skeuring het tussen man en vrou en vader en seun ontstaan – 'n ander apartheid, vertel sy.

En dan hoe haar seun weens vigs dood is. "Dit was die swaarste, maar ook die wonderlikste om so na-aan my kind te kom." Met dié pak sy die naaimasjien weg. En laat die gehoor in stilte agter.

Die interkom lui. 'n Mev Madikizela kom Magdaleen se getroue Bernina koop vir 'n vigsstigting.

Jy kon dit nie verhelp nie, maar jy het te veel van die vroue om jou sien huil toe hulle die teater verlaat.



Magdaleen (Sandra Prinsloo) vertel haar verhaal van nostalgie, weemoed en hoop. FOTO: MIA CILLIERS



Hunter Kennedy en Andries Bezuidenhout gesels saam oor die kuns van lirieke skryf. FOTO's: FRANCOIS HAASBROEK

# Musikante vertel waar hul ware muse skuil

PIETER-LOUIS MYBURGH

Die skryf van lirieke bly 'n uitdagende proses, ongeag van hoe lank jy al hierdie kunsvorm beoefen.

Al vyf deelnemers aan vanjaar se praatjie "Lirieke as Pitkos" het dit bevestig. Gelukkig is die gehoor bederf met 'n ryk aanbod van uiteenlopende antwoorde toe gevra is wat 'n liriekskrywer aanspoor in die skryf van 'n liedjie. Hunter Kennedy, wie se woordkuns as Fokofpolisiekar-lid die bewussyn van 'n ganse geslag Afrikaanssprekendes geïnfiltreer het, het sy "frustrasies in 'n *suburban* samelewing" as inspirasie genoem.

Hierteenoor het die bekroonde Lize Beekman vertel dat "alledaagse dinge en gewaarwordinge" dikwels as lirieke in haar notaboek opeindig. Valiant Swart, die plaaslike musiektoneel se befaamde "mystic boer," het die skryf van lirieke met reis vergelyk omdat albei "dinamiese prosesse" is. "'n Mens moet jou styl slyp om ontslae te raak van onnodige woordbagasie," het Swart gesê.

Zinkplaat se voorsanger, Bertie Coetzee, voel dit is moeilik om presies die inspirasieput van sy lirieke uit te wys. "Soms gebeur dit maar net," was sy gestroopte verduideliking. "Ek is absoluut geïnspireer deur ander mense se musiek," het Andries Bezuidenhoudt, lid van die eertydse Brixton Moord en Roof Orkes, gebieg.





# Skrywers vs Filosowe: gehoor is die wenners

PIETER-LOUIS MYBURGH

Daar is gelag oor huil, gehuil (van die lag) oor lag, heerlik gegril en selfs nou en dan gehyg.

Die jaarlikse Filosofie-kafee behels allesbehalwe 'n ernstige gepeins oor die menslike kondisie, Nietzscheaanse nihilisme en derglike breinboelies. Dit is eerder 'n aand van spitsvondige woordgebruik en skreeusnaakse draakstekery.

Die formaat lê iewers tussen 'n debatkompetisie en 'n televisie-speletjiesprogram. Twee spanne van vier skrywers en vier filosowe elk ding mee om die gehoor se applous-gedrewe goedkeuring, wat uiteindelik bepaal wie die wenspan is.

Die openingsonderwerp was "lag", en dr Vasti Roodt was eerste aan die beurt vir die span van die filosowe. Sy het die verskillende redes waarom mense lag uitgelig, en tot die gevolgtrekking gekom dat mense net moet lag vir dit wat hulle verstaan.

"In dié sin is 'n filosoof soos 'n lagwag," het sy afgesluit.

Louis Esterhuizen, 'n digter, het spottend gesê lag is 'n kollektiewe aanduiding van verligting nadat mense 'n grap gesnap het. "Lag kan ook gebruik word om mense te vervreem en te verneder, en moet dus nie ligtelik opgeneem word nie."

Die onderwerp vir die volgende ronde was "huil," maar het allermins 'n gesanik ontlok. Prof Anton van Niekerk het die terapeutiese uitwerkings van huil onderstreep. Hy het ook op verskeie redes vir 'n gehuilery gewys: "As ons uit hierdie wêreld vertrek, huil ander mense. As niemand huil nie is dit op sigself 'n rede om te huil".

Die jeugskrywer Jackie Nagtegaal het die filosowe omtrent gekarnuffel. "Filosowe 'suffer' van geboorte af. Hulle tjank vir almal en als wat wil hoor." Volgens haar is huil 'n manier om van "toxic waste" ontslae te raak. Ten slotte het sy die gehoor gevra om liewer die filosofie-viertal te laat wen, omdat hulle "sensitiewe siele is".

Die volgende onderwerp was "gril". Prof Paul Cilliers het die gehoor laat skater met sy staaltjies oor grillerige kook- en eetgewoontes.

"Die restaurante hier rond se weergawe van 'n steak is 'n blou-grys, jellie-agtige hompie vleis. Duidelik het iemand die verskil tussen 'grill' en gril vergeet."

Reinet Nagtegaal het die gehoor verder laat ril van die gril. Haar grafiese beskrywing van die bakteriële ruilproses tydens 'n gesoenery, was so akkuraat dat vingerhappies sumier op borde laat staan is.



Prof Paul Cilliers FOTO: KRISTEN VAN SCHIE

Die aand is afgesluit met die tema "hyg". Servaas van der Berg (vir die filosowe) het dié term se konnotasies met die erotiese, lyflikheid en begeerte uitgewys. Volgens hom brei filosowe nie eintlik op hierdie onderwerp uit nie "omdat hyg soveel lekkerder in privaatheid gedoen word".

Ten slotte was Gerrit Brand, *Die Burger* se boekeredakteur, se hygrelaas eenvoudig meesterlik.

"Filosowe hyg nie," het hy gespot. "Daar bestaan immers nie 'n hygbegeerte nie."

Met verwysing na sy onderwerp het hy ook gesê: "Filosowe doen dit in teorie, of hulle doen dit glad nie."

Die skrywers het uiteindelik 'n geskiedkundige oorwinning oor hul filosofiese teenstanders behaal.

# Geen stille waters waar Laurika sing

COLIN HENDRICKS

Vir Laurika Rauch het alles meer as 30 jaar gelede begin. Om presies te wees, in 1978.

Dit was die jaar, ryg sy die feite af tydens 'n opvoering by die afgelope Woordfees, "wat Ashton Kutcher gebore is, PW Botha eerste minister word, Garfield sy debuut maak en ek, ek gaan vir die eerste keer in 'n ateljee en neem dié liedjie op".

En sy trek weg met die bekende "Kinders van die Wind". Vintage Laurika Rauch. Die uwe was skoon in 'n beswyming so bekoor was hy.

Daar staan sy, op die verhoog, met net haar begeleier, Clinton Waring, agter die klavier. Sy verkies net die pianis en haarself op die verhoog, eerder as 'n orkes, vertel sy later.

"My opleiding is van so 'n aard dat ek slegs moet staat maak op my stem en nie op ander elemente nie."

Met treffers soos "Lisa se Klavier", "Die Mense op die Bus", "Sonneblom uit Bethlehem" en "Blou" wys sy dat sy gerus maar op haar stem kan staatmaak. En al meen sy haar nuwe album, *'n Lekker verlang liedjie*, is "baie organies", in die sin dat "ek ander mense se liedjies sing", weet ék die oorspronklike sangers het niks om oor te kla nie. Inteendeel.

Jy moes gehoor het hoe sing sy "Brêkfis in Bloemfontein", wat ook op haar nuwe album ingesluit is.

"Ek's 'n interpreteerder en om die diepte uit 'n teks te kry, is wat ek die meeste geniet."

Met arms wyd gesprei, lewer sy 'n Afrikaanse weergawe van "Hot gates". Die hoendervleis slaan uit op jou voorarms toe sy saam met Waring "Stille Waters" sing, waarvan hy 'n deel in Engels.

Rauch se stem was soos een elegante gedig wat harte bekoor, ore streel en oë laat blink van nostalgie. Sy werk reeds aan 'n nuwe album, verklap sy. Sy het al nuwe materiaal, maar sy is "net 'n bietjie besig op die oomblik. Ek soek ook ander nuwe liedjies".

Die aand was verby en al wat oorgebly het, was om te sê: "Hey, mevrou Brown, miss Laurika was briljant!"

# Digging deeper with the word

## Aural express to Lesotho

OLEBOGENG MOLATLHWA

Right in the middle of one of the last bastions of Afrikanerdom, Sesotho invades and explodes over the stubborn remnants of ignorance and conservatism, dragging the audience of the Klein Libertas out of their comfort zones and into uncharted territory.

After all, this is what art is supposed to achieve, is it not? Mannini Mokhothu and Antjie Krog achieved this goal.

*Dig Deep Paseka and Refiloe-Hape* is a poetry musical which takes the audience away from Stellenbosch and far into the plains and rivers of the "magic mountain kingdom of Lesotho". As the show begins, the poet declares her clan name with the statement: "*Ha ke Mokwena Nna, ke Motaung*" (I am not a crocodile, I am a lion). In the background are the sounds of traditional Sesotho musical instruments: *lekolulo, setolo-tolo* and *thomo*, courtesy of Native May.

With a thick Sesotho accent, Mannini recites poetry and later breaks into melodic harmony with the song "Siwelele" – a song about an elusive love. The lyrics tell: "*Darly wa ka, ke tla mmona kae?*" (My love, where will I find him?) At this point, the audience's eyes are transfixed on the performing poet, while on stage walks Antjie Krog – she of *Country of my Skull* fame.

The show takes a surprise turn as Sesotho and Afrikaans complement each other; one takes its cue from the other and the result is a riveting tango of words and expression. Mannini recites in Sesotho while Antjie translates in Afrikaans. All of this is done with matching enthusiasm, passion and orderliness.

At this point, Thaba Bosiu (mountain of the night in Lesotho) and Simonsberg stand alongside each other in defiance of the artificial boundaries put up by an artificial system of separateness which long plagued places such as Stellenbosch. The ravages of the system are highlighted in a painful recollection of the hardship of single mothers who turn to undignified means to survive and put food on the table.

Mannini recites: "Mothers wave skirts high [lifting the hem of her short dress to reveal her right inner thigh] in the sea point of life, on a fucking white pavement."

A stand-out controversial moment of the show featured the "horrific" f-word – it was mentioned over a dozen times. All in all, it was a "fucked up" segment, so to speak.

I must say I felt a slight tinge of embarrassment; perhaps I was too concerned about the reaction of the older members of the audience. I was taught never to swear; especially in the presence of adults, but there was nothing to worry about. It seems the audience understands the wilful way of the artistic tongue.

For an hour, the world stood still as we were taken on a journey through the plains and mountains of Lesotho, with the kind permission of Morena Moshoeshoe.



PHOTO: MARTINETTE LOUW



Inge Beckmann, lead vocalist of Lark. PHOTO: MIA CILLIERS

# Lark looms large

PIETER-LOUIS MYBURGH

Eagerness and anticipation exude from the audience stationed in front of the Klein Libertas Theatre's hazy stage.

When a Hagrid-lookalike bassist, a digital beat guru and a lanky drummer join their imposing front lady amid the creepy glow cast by the neon tube lights, eagerness and anticipation turn to irreversible surrender at the fall of the first beat.

Ever since Cape Town cult outfit Lark unleashed their stormy blend of opera-inspired electro compositions in 2007, their live performances have been marked by this kind of crowd-reaction.

And the practically religious following Lark has generated during its short existence is as well-deserved as the acclaim reserved for exceptional artists.

Classically-trained Inge Beckmann is a remarkable performer. Her stage persona sees her surpassing that which is traditionally required from a band's lead singer. Apart from delivering a vocal performance that would be enthralling even without instrumental backing, her delicate mannerisms and nuanced facial expressions transform a Lark gig into an almost theatrical experience.

Paul "The Humanizer" Ressel provides the crunchy, grimy and addictively gloomy electronic instrumentation that has made Lark's style so distinctive, while Simon "Fuzzy" Ratcliffe is as solid on bass-guitar as his submerged riffs. Sean Ou Tim is responsible for the live drumming that accompanies Ressel's digital beats.

Using the term "compositions" to describe Lark's tunes is an emphasis on the focused attention to detail that seems to guide their creation process. No single sound is arbitrary or coincidental in a Lark piece, but rather the result of careful deliberation and conscious planning.

Lark's atmospheric melodies soar from the speakers and echo in the secret crevices of the psyche. It is chilling, moving and poetic.

A group whose product looms so large over anything produced by their peers deserves to move beyond the limits of the South African music sphere.

# 'Drukkoker' laat feesgangers stoom afblaas

TRACEY-LEE DAVIS

Hulle het presies twee dae gehad om 'n komiese produksie te skep. Teksskrywers, regisseurs en akteurs. Toe is die 48 uur verby en dit is tyd vir die *Sanlam 48-uur: Drukkoker*. Showtime!

Die spanning kook oor, met elke span wat net 30 minute gehad het vir 'n kleedrepetisie. Elke produksie-span het bestaan uit 'n teksskrywer, regisseur en vyf akteurs.

Elke produksie moes twee van die kunstenaar Strijdom van der Merwe se glimlagbankies gebruik, moes tussen 8 en 10 minute lank wees en 'n piesangskil moes iewers in die stuk gebruik word.

Die tema was "Hande in die lug" en elke produksie moes dit iewers in-werk.

*Die beknopte geskiedenis van vyf besonder ongewilde Afrikaanse sangeresse* was eerste op die planke. Skrywer Harry Kalmer en regisseur Peter Hayes het 'n prys gewen vir hierdie stuk se kostuums wat uit swartsakke en 'n groen vullissak gemaak is.



'Vyf besonder ongewilde Afrikaanse sangeresse' sit en gesels. FOTO: SAMANTHA STEELE

Die gehoor het geskrik toe een van die akteurs sy geslagsdele wys en een of twee ouer mense het byna opgevlieg en uitgeloop. Later sê 'n man in die gehoor toe so ewe vir sy metgesel: "Die eerste stuk was snaaks, maar baie rof!"

Al die produksies was vol seksuele innuendos met piesangs waarmee meer gedoen is as om geëet te word.

Die beoordelaars het 'n moelike taak gehad om wenners te kies uit vier koddige toneelstukke wat die gehoor só aan die lag gehad het dat die trane geloop het.

Amy Jephta het die prys vir die beste teks gewen. Haar stuk, *Die Besigheid*, se regie is behartig deur Wolf Britz en het ook 'n spesiale ensemble-prys gewen. Christine Truter het die beste regieprys gewen vir *Die vier verhale van Tante Tredoux* en die toekenning vir beste akteur het gegaan na Martelize Kolver vir haar rol as die tante.

Dié tante het nie op haar laat wag nie en het die gehoor laat rondrol van die lag met haar weergawe van *Sex and the City* se Carrie en haar sekskapades.

Die prys vir beste akteur is toegeken aan Riaan Visman vir sy rol as Ronnie in *O, Drogenfontein, Celderyfontein*.

Saartjie Botha, koördineerder van die Sanlam Dramafees, het gesê dié proses "maak kreatiewe krale los wat ander kere stroef is".






Links: Vanjaar se Woordfeeskunstenaar, Willie Bester, vasgevang op film in 'n onbewaakte oomblik. In die agtergrond is sy wêreldbekende kunswerk, *Vlakplaas*. Regs: 'n Selfportret van Bester in 'n geel raam van skrootmetaal. FOTO's: SAMANTHA STEELE

# Bodemvaste Bester verskuif grense

## Uitstalling dwing kyker om die self en samelewing van nader te beskou

ROELINE DANEEL

Rye bont kinderskoentjies met etikette aan soos dié aan lyke in 'n lykshuis. Uitgestal.

Ter ere van Afrika se vermiste kinders, skep vanjaar se Woordfeeskunstenaar, Willie Bester, dié kunswerk van hom bekend as *The missing ones* in 2007. Kuns wat 'n mens dwing om binnetoe te kyk, na die samelewing waarin ons leef...

Die opening van dié feeskunstenaar se uitstalling was 'n uithangaffêre. Stellenbosse akademici het skouers geskuur met kunstenaars en kunsliefhebbers terwyl vingerhappies rondom die fontein in die Sasol Kunsmuseum se agtertuin bedien is.

In al die opgewondenheid oor die werk van een van Suid-Afrika se suksesvolste uitvoerprodukte, lyk die kunstenaar effens ongemaklik. Hy wys 'n versoek om by sy werk afgeneem te word vriendelik van die hand en prof Russel Botman, rektor van die Universiteit van Stellenbosch, moet instaan.

Bester se antwoorde op joernaliste se vrae is bondig. En al lyk hy effens verleë, teken hy graag op aanvraag die glansbrosjure.

Dit is juis Bester se beskeidenheid wat hom so 'n plesier maak om mee te werk. Me Amanda Botha, kurator van die uitstalling, beskou dit as 'n "loopbaanhoogtepunt". Sy beskryf Bester as 'n toegewyde en innoverende kunstenaar met baie integriteit. "Dit is amper raar om Bester vandag in Suid-Afrika te sien," skerts sy.

Die kunstenaar met die nederige begin as die seun van 'n plaasarbeider in Montagu het die wêreld verower met skrootmetaal en ander optelgoed wat in sy hande kuns geword het. Maar die politieke aard van sy werk het die destydse Suid-Afrika 'n ontoeganklike mark gemaak en in die tagtigerjare betree hy die internasionale toneel. Sy werk is al onder meer in Italië, Frankryk, Nederland, Spanje, Amerika en Japan gesien. Hy meen hy word vandag steeds beter in die buiteland ontvang.

"Hier is ons bang om onsself te konfronteer. Die mense oorsee is meer kunsbewus. Suid-Afrika is nog te nuut in die 'game'," sê hy.

Sy ervarings elders het egter aan hom uitgewys "hoe amper dieselfde ons is", al is sy werk ingestel op die plaaslike, die Suid-Afrikaanse.

Sy temas strek van plaaslike woonbuurte (Woodstock en Khayelitsha) tot strydleiers (Steve Biko en Nelson Mandela) en plaasarbeiders (Die Montagu-reeks). Ander plaaslike maatskaplike kwessies word ook uitgelig, waarvan die aangrypendste voorbeeld waarskynlik *The missing ones* is.

Selfs die simboliek in sy werk is eg Suid-Afrikaans. Emaljebekers figureer sterk as simbool van armoede en verdrukking – maatskaplike euwels wat Bester persoonlik ervaar het. Hy moes op 'n jong ouderdom sien hoe sy pa, vir die jong Willie die vergestalting van waardigheid, bedees by sy wit baas se agterdeur op koffie moes wag.

Sy werk is ryk aan stories. *With Bible and gun* (2007) is 'n enorme muurpaneel van 600 kilogram en vertel die verhaal van mynwerkers se verdrukking onder die vorige regime. Bester se werk is nie esoteries nie, maar gemáák om verstaan te word.

Die nuwe Suid-Afrika verhoed Bester nie om kuns steeds as 'n wapen van protes en verset te gebruik nie. Alhoewel daar nie meer teen 'n spesifieke stelsel geprotesteer word nie, is dit nou die wanpraktyke in die samelewing se beurt.

Apartheid se nalatenskap kom ook onder die loep in byvoorbeeld *Liberation before education* (2008), 'n beeld van 'n opgeskote seun kompleet met angswekkende geweer, 'n fopspeen en, natuurlik, 'n emaljebeker.

*Long walk to freedom* (2006) suggereer die stryd is nog nie verby nie, maar is steeds 'n werk in wording.

Bester dwing ons op 'n byna speelse, dog skokkend-aangrypende wyse om onsself en ons praktyke van nader te beskou. Soos Botha tereg sê, Bester se werk gaan in wese "oor die ophef van persepsies en die afbreek van vooroordele".

Die uitstalling is tot 4 April in die Sasol Kunsmuseum te sien.

# Die maan sekel andersom

MARTINETTE LOUW

As jy dink poësievoorlesings is stywe, hoogdrawende affêres uit digbundels wat kreun onder die stof, dan was jy beslis nie by *Hoe sekel die maan* nie.

Dié vertoning, geleen by die naam van 'n gedig in Danie Marais se debuutbundel, *In die buitenste ruimte*, was – sonder om nou self digterlik te raak – 'n feestelikheid by die Woordfees.

Hier is Marais se voorlesing omskep in 'n driedimensionele ervaring wat elke sintuig betrek het.

Die toneel was nie 'n oomblik staties nie. Onder Marais se gelesery deur het animasieprente van Diek Grobler teen 'n skerm agter hom geflits.

Elke dan en wan het kolligte die fokus op die verhoog verskuif en selfs Marais het voortdurend van posisie verwissel.

Meesleurende musiek het die voorlesings begelei. Schalk Joubert (baskitaar) en Sigrun Paschke (trekklavier en klawerbord) se Spaanse ritmes het Marais se gedigte oor sy ervarings in Spanje ingekleur. En om nog 'n dimensie aan dié besondere poësievertoning te verleen het Beverley Rinkwest die toonsettings van Marais se gedigte deur Paschke vertolk.

Marais se bundel het die Eugène Marais-prys, die Ingrid Jonker-prys en ook die Universiteit van Johannesburg se debuutprys ingeoes. Nie net resensente was gaande oor die bundel nie, maar dit het ook groot byval by die groter leserspubliek gevind.

*In die buitenste ruimte* is 'n pretensielose bundel wat voortreflik neerslag gevind het in die Woordfeesvertoning.

Aan die begin van dié vertoning is 'n papiervliegtuigie speels na die gehoor gegooi.

Die beeld word later herhaal in nog 'n gedig wat Marais voorgelees het terwyl verskeie vliegtuie in die agtergrond op die animasieskerm rondsweef. Die papiervliegtuigie is 'n simbool vir Marais se tyd in die buiteland, ontvlugting en die vervlietende aard van ons bestaan.

Marais se verlange na Suid-Afrika gedurende sy verblyf in Duitsland is 'n sentrale tema in sy werk. Vir hom was Duitsland 'n land waar selfs die wolke in gelid marsjeer en waar "jy doen wat jy moet of jy nou wil of nie". As vreemdeling in 'n ander land spreek sy gedigte van nostalgie, maar die toestande in die land waarna hy so verlang het, word terselfdertyd bevraagteken. Hy mymer oor Afrikaans as "sinkende idioom", hoop vir Suid-Afrika en politieke korrektheid.

Marais is nie bang om Engelse woorde en frases in sy gedigte in te werk nie. Maar die wyse waarop hy dit doen, spreek eerder van sy wêreldburgerskap as dat dit 'n poging is om die taalpuriste te ontstel.



August Rodin se uitsonderlike werke was by die Rupert Kunsmuseum te sien. FOTO: SAMANTHA STEELE








*LIP* brings you a selection of our photographers' finest *kiekies* taken over the course of Woordfees 2009.







**1** Keyboardist Wouter du Toit of Ashtray Electric at Geraas Innie Gat (FRANÇOIS HAASBROEK). **2** Emile Minnie during the opening sequence of *O, Drogenfontein, Celderfontein* (SAMANTHA STEELE). **3** Inge Beckmann of Lark at Klein Libertas (MIA CILLIERS). **4** Musicians of the University of Stellenbosch Symphonic Orchestra take a break during their rehearsal (FRANÇOIS HAASBROEK). **5** DJ Oskido at Hunters House Bash in the Neelsie (NOKUTHULA NCALA).
















**6** Amanda Strydom in *'n Vuur Gevang in Glas* at Stellenrust (SAMANTHA STEELE). **7** aKING at Geraas Innie Gat in the Neelsie (FRANÇOIS HAASBROEK). **8** David Kramer in *10 Stories* at Stellenrust (FRANÇOIS HAASBROEK). **9** André P Brink speaks at the opening ceremony of Woordfees 2009 at the Endler Theatre (KRISTEN VAN SCHIE). **10** The Orange Stilletos at Dorpstraat Theatre (KRISTEN VAN SCHIE). **11** Nicole Holm in *Diensmeisies* at HB Thom Theatre (SAMANTHA STEELE). **12** Petrus du Preez as The Madame in *Diensmeisies* at HB Thom Theatre (SAMANTHA STEELE).



Mary Dreyer, Antoinette Kellermann en Roeline Daneel (voor) in 'Blou Uur'. FOTO: SAMANTHA STEELE

# Uur van skemer

TRACEY-LEE DAVIS

Die lyn tussen werklikheid en drome is dikwels 'n fyn een.

Verlore liefdes, die seer wat ons dra, maar nooit bekend maak nie. Die wêreld is 'n wrede plek en baie keer moet ons noodgedwonge self vir ons 'n ruimte skep waarin ons tog net gelukkig kan wees. Dit is dán wat dit moeilik raak om te onderskei tussen ons drome en verwagtinge en dit wat werklik is.

*Blou Uur* is die langverwagte en veelbesproke toneelstuk uit die pen van die befaamde Reza de Wet. Dit is 'n storie van drie geslagte vroue – ouma, ma, dogter – en 'n tante wat teneergedruk terugkeer na 'n mislukte besoek aan die liefde van haar lewe.

In 'n stil huis, in 'n klein dorpie word dié "aunt" Celeste, gespeel deur Mary Dreyer, die belangrikste invloed in die dogter van die huis se lewe.

Aletta Bezuidenhout vertolk die rol van dié dogter wat terugdink aan dit wat haar eie wese verander het. Haar jonger self word deur Andrea Pienaar gespeel.

As Reza de Wet oor *Blou Uur* praat, noem sy dit 'n komedie waarin die karakters niks "sense" het nie. Vir Marthinus Basson, regisseur, het sy groot waardering, veral vir sy instink en dat hy bereid is om ekspressionistiese teater aan te durf.

Die toneel speel af om perspekskerms wat met blommetjiesmuurpapier bedruk is. Deure en vensters is daar nie, maar die ruimte op die verhoog word op briljante wyse aangewend.

Antoinette Kellermann vertolk die rol van die ouma met al haar nukke en grille. Haar karakter is 'n sterk vrou wat nie stuitigheid duld nie, maar lees terselftertyd skelm teeblare as niemand kyk nie. Haar karakter kruip diep in jou hart in, astrante sê-goed en al.

Nie een van die karakters leef in hul eintlike werklikheid nie. Die ma, gespeel deur Roeline Daneel, hunker self na 'n man wat nooit sy verskyning maak nie.

Die idee van onwerklike liefde is 'n sterk tema in die stuk en word op verskillende maniere blootgelê. In 'n toneel waar "aunt" Celeste een aand in die tuin ronddans, voel jy haar verlore hart en haar hunkering na wat nie is of kan wees nie.

Haar tante se eienaardigheid boei die dogter van die huis en sy voel gou aangetrokke tot "aunt" Celeste se lief en leed.

Sy wil nog 'n klug of ekspressionistiese stuk aanpak, sê De Wet. Verwag dus, soos altyd, 'n stuk wat die perke sal uitdaag van ons eie persepsie oor dit wat werklikheid is.

# Ansela: Die Kaap se vrye slavin

JODY NEL

Sy moet afskeid neem van die plaas De Driesprong waar sy jare as bevryde slaaf gewoon het. Ansela, die vrou wat in die geskiedenis as *Ansela van de Caab* bekend sou word.

Dit is haar verhaal wat hier in *Ansela van de Caab* opgevoer is met Euodia Samson in dié hoofrol. Ansela moet moedig bly al moet sy nou die plaas in die Stellenbosch-omgewing – haar eerste tuiste as 'n vry mens – agterlaat. Sy is oud, haar man is dood en sy moet by haar seun gaan inwoon. Sy pak in, terwyl haar lewe soos 'n rolprent voor haar afspeel.

Eers was Ansela die eiendom van die Nederlandse kompanje. Toe raak sy verlief op Lourens Campher (Jan-Hendrik Opperman), 'n Duitse soldaat. Saam het hulle drie kinders, maar kan nie trou nie omdat Ansela 'n slaaf was.

Mev Christina Diemer (gespeel deur Nicole Holm) kom tot die redding. Dié Duitse weduwee koop Ansela los en laat haar vry. Toe kon sy met Campher trou. En toe is die twee vroue gelyk, treffend uitgebeeld in die gebruik van platforms om die ongelyke magsverhouding tussen Ansela en die wit mense uit te beeld.

As Ansela en die ander slawe op die verhoog is, staan die Nederlanders letterlik 'n trappie hoër as hulle. Tot en met haar vrymaking was dit



Jong Ansela (Liandé Valentine) FOTO: MARTINETTE LOUW

ook die verhouding tussen Ansela en Christina: Ansela 'n trappie laer as Christina. Met Lourens was dit anders, hy en Ansela was van die begin op dieselfde vlak.

Die lyding wat Ansela as slaaf beleef het kom sterk deur in haar herinneringe, veral aan haar liefde vir Lourens. 'n Liefde wat haar staande gehou het, selfs in die haglike omstandighede van slaaf wees.

Die produksie bied 'n interessante blik op slawerny in Suid-Afrika en konfronteer die Suid-Afrikaanse (Afrikaanse) gehoor met 'n gedeelde geskiedenis waaroor sommiges liefs nie wil praat nie.

# Apartheid se laaste Miss Africa South

BLANCHÉ DE VRIES

Dit is die verhaal van twee wêrelde wat in 'n nuwe Suid-Afrika een geword het.

'n Verhaal waarin die nostalgie byna pynlik geïroniseer word wanneer Mej Afrika-Suid (in apartheid net vir swart vroue) genooi word na 'n glansgeleentheid vir alle vroue wat al 'n Mej Suid-Afrika-titel (voorheen slegs vir wit vroue) gewen het.

Vinette Ebrahim, van *7de Laan*-faam, vertolk die rol van Sapphire Johnstone in *Miss Africa South*. Sapphire het in 1976 as Mej Afrika-Suid saam met die wit Mej Suid-Afrika om die Mej Wêreld-kroon gaan meeding.

Dis twee vroue wat toe die twee wêrelde in 'n rasverdeelde Suid-Afrika moes gaan verteenwoordig. Die bruin vrou het onder die toptwaalf geëindig, die witte iewers onder die mooiste twintig.

Maar dit was 1976. Apartheid in Suid-Afrika. Om een van die twaalf mooiste vroue in die wêreld te wees, het plaaslik min beteken. En dit is die verhaal wat Ebrahim hier uitbeeld – hoe die apartheidsamelewing die lewe van 'n skoonheidskoningin verwoes het.

Sowat 33 jaar later maak Sapphire dan gereed vir 'n soort reünie van Suid-Afrika se skoonheidskoninginne. En sy kyk terug op haar kort oomblik in die kollig.

Met humor, deernis en meer as 'n tikkie satire herbesoek Sapphire die werklikheid en fantasieë van 'n soort denkbeeldige wese. In haar vertellings ontbloot sy die weerloosheid wat soms onderliggend is aan 'n kunsmatig geskepte persona.

Lizz Meiring het die teks geskryf en die regie behartig van 'n toneelstuk oor 'n vrou wat steeds sukkel om vrede te maak met haar eie klein apartheidsgeskiedenis.

In hierdie eenvroustuk is 'n spel met kolligte aangewend om die droefheid en donkerte van dié tydperk uit te beeld. Handel dit oor die nuwe tyd, is die verhoog in lig gebaai. As apartheid ter sprake is, is die kollig op die karakter, terwyl die verhoog in donkerte gehul is.

Uiteindelik is *Miss Africa South* 'n verhaal van hoop, van 'n vrou wat in haar drome bly glo het, 'n verhaal van oorlewing en vergifnis.



Audrey (Frances Marek) and Maude (Juliet Jenkin) pop from their cooler-box into the new South Africa. PHOTO: SAMANTHA STEELE

# South African deepfreezing depicts people frozen in time

SAMANTHA STEELE

After two decades in a freezer, two middle-aged white women are forced to deal with the new South Africa in *More South African Deepfreezing*.

The relationship between the two characters – Maude, dry and sarcastic, and Audrey, caring yet manipulative – is complex and evolves as their stay in 2009 becomes increasingly desperate.

Maude (Juliet Jenkin) and Audrey (Frances Marek) are cannibalistic creatures trapped in a love-hate relationship with each other and the freezer they inhabit.

They are stuck in apartheid South Africa when ice-creams (their means of enticing children) were sold in cents and "little Caucasian children" ran rampant outside their park.

The characters represent "people who are stuck and choose to be stuck", says Marek. Their struggle to adapt dooms them in the new democracy and racial integration.

The audience is reduced to voyeurs as this fascinating and horrifying relationship spirals into betrayal.

Race, gender and death are three themes in the play, though Marek says there is no blanket symbolism.

The two characters must now learn to entice black children to their idyllic park. Their means of enticement is only a Little Miss Muffet – who they feel should be painted black – and a 1950's Zulu phrase book.

The roles of women are explored and a variety of magazine covers (used as a calendar of sorts) show the changes for women from the 1930s.

The socio-political messages are alluded to in between well choreographed chase scenes, and excerpts from two wonderfully strange books.


Marek used *More South African Deepfreezing* – an instruction manual on how to use a deep freezer – written by Alex Theron in the 1970s, and the phrase book.

"I found the Zulu phrase book, which is even more absurd [than *More South African Deepfreezing*]. We thought of a way we could put the two together."

This bizarre, distinctly local, gothic adventure into the surreal had far too few people in its audience when it premiered in Stellenbosch. It surely deserved more.

# Drie groot geeste verjaar saam met fees

## Die skrywers Chris Barnard, PG du Plessis en Hennie Aucamp is spesiaal gehuldig as deel van vanjaar se Woordfeesprogram. **Rudolf Stehle** vertel meer.







Kloksgewys: Barnard, Du Plessis en Aucamp. FOTO's: KRISTEN VAN SCHIE, RUDOLF STEHLE

**CHRIS BARNARD**

"Ons skryf om te soek na redes om te glo ons is nie alleen nie."

Dít is hoe Chris Barnard, wat vanjaar 70 jaar oud word, die kreatiewe dryfkrag van skrywers saamvat tydens Chris Barnard – Boendoe van die woord.

Dié tweemalige Hertzogpryswenner karteer met sy oorspronklike uitbeelding van die boslandskap in die kortverhaal, "Bos", en die roman, *Mahala*, die "ongekaarte streke van die menslike psige," sê prof Chris van der Merwe, 'n letterkundige aan die Universiteit van Kaapstad.

En volgens Van der Merwe gee Barnard "betekenis aan betekenisloosheid en [verlig] die duisternis deur die sekerheid van sy woorde".

Barnard se vrou, die filmmaker Katinka Heyns, het hom vergelyk met 'n alchemis wat basiese gegewens uit die wêreld om hom neem en dit in iets spesiaals verander.

Barnard se goeie vriend, die skrywer PG du Plessis, meen hy is een van die heel beste prosaïste in Afrikaans. En dat hy groot dele van Barnard se prosa "met liefde langs Hemingway sal sit".

Hennie Aucamp, skrywer, sonder Barnard saam met Gustav Preller en George Weideman uit as die meesters van die ritme in die Afrikaanse prosa.

Vir Barnard is dit die skrywer se plig "om ons tyd so te weerspieël dat almal ná ons sal weet ons was ook hier. Só was ons; dít is wat met ons gebeur het".

Hy geniet die werk van John Updike en het pas Du Plessis se *Fees van die ongenooides* klaar gelees. Die Colombiaanse skrywer Gabriel García Márquez se *Love in the Time of Cholera* is tans aan die beurt. Die roman is sy gunsteling-genre, al kom hy self die minste daarby uit.

**HENNIE AUCAMP**

Hennie Aucamp is vanjaar in sy 75ste lewensjaar as skrywer by die Woordfees gehuldig.

Hy werk tans aan kinderverse.

"Riana Scheepers het in die koerant gevra of daar mense is met kinderverse en toe onthou ek ek het twee vergeelde versies. Ek stuur dit toe baie aarselend vir haar, maar sy ontvang dit toe baie vriendelik.

"En toe kom die verse een na die ander, ek kon nie ophou nie. Ek het eintlik die kind in my herontdek."

Hy verwys na Gerrit Komrij se opmerking dat 'n mens aangetrek word deur 'n "dadaïstiese streep" in die kindervers. Kinders steur hulle nie aan of die taal betekenisdraend is of nie. "Hulle ervaar ritme, hulle ervaar klank en dis vir hulle lekker", meen Aucamp.

Beskou hy homself as deel van die Sestigers?

"Ek is destyds by herhaling uitgewys as die 'onsestigste' van die Sestigers. Ek het nie heeltemal ingepas nie, want ek het aan universele temas geglo en wou my nie te veel aan die politiek wy nie."

Hy meen Sestig was allermins 'n beweging.

"Dit was toevallig mense wat in dieselfde tyd gewerk en iets van mekaar se probleme om gepubliseer te raak, verstaan het."

Die kameraadskap onder die Sestigers was nie net polities nie, maar meer "'n gevoel van ons verset teen burgerlikheid en opvattings oor seks en liefde".

Wat dink hy van die stand van die kabaret in Suid-Afrika?

"Ek dink die woord word vreeslik slordig gebruik. Tagtig persent van wat op plakkate aangekondig word as kabaret. is dit glad nie.

"Kabaret vra ysere dissipline van toneelspelers. They want to wallow in their own emotions, jy weet. Hulle wil huil, dis vir hulle lekker as hulle ander laat huil. Hulle het nie hierdie afstandelikheid nie.

"Maar kabaret kan baie maklik net afsak na 'n vermaaklikheidsvlak en dan is dit nie meer 'n literêre soort nie en ook nie 'n intellektuele soort nie."

Hy was nooit lus om 'n roman te skryf nie. "Die paar keer dat ek probeer het, snoei ek terug en op die ou end sit ek weer met 'n verhaal van agt blaaie. Dit is dié gekonsentreerdheid van die kortverhaal wat so 'n uitdaging is en ook so belonend is."

*Die huis van die digter*, sy bundel liefdesverhale, verskyn binnekort.

**PG DU PLESSIS**

'n Skrywer moet ook 'n "common" streep hê. Só sê dié Hertzogpryswenner wat vanjaar 75 word.

Prof Heilna du Plooy sê PG du Plessis soek uit die verlede dit wat met die hede praat.Volgens haar het Du Plessis nie net 'n oog vir detail nie, maar "deernis vir die armes en minderes in ons samelewing." *Fees van die ongenooides*, sê sy, val in die tradisie van die groot 19de eeuse Britse en Russiese romans.

Ollie Viljoen, die boeremusieklegende, vergas die gehoor met staaltjies uit die dae van *Spies en Plessis*. Hy bestempel Du Plessis as die "bad cop" en "opstoker" in *Spies en Plessis* en Jan Spies as die "good cop".

Sy vriend, sê hy met permissie aan Breytenbach "is 'n bokser, dokter, boer, 'n kaptein en 'n held onder die indoenas".

Hierop sê Du Plessis: "Die geskiedenis wys wat in elkeen van ons aangaan en wat ons onderdruk. Dit is hoekom ek verkragting in *Fees* ingewerk het. Alles wat in ons broei, die boosheid, kom uit in die geskiedenis. Oorlog is 'n perversie, 'n verkragtingsproses."

Hy verduidelik die skryfproses só: "Ons vat die goed wat ons roer en ons klits dit onherkenbaar om sodat ons 'n spieël vir ons lesers kan ophou waarin hulle hulself herken."

Du Plessis het 'n probleem met die gebrek aan ritme onder die jonger digters. Ons taal sing nie meer nie – die nuwe digters se werk is vol stillees-gedigte."

# Diskoersreeks: Feesgangers en Freek 'Praat Saam'

## Titus hoop op 'n Suid-Afrika waarin swart, bruin en wit jongmense mekaar omarm

RUDOLF STEHLE, PIETER-LOUIS MYBURGH EN ANNELIE MARÉ





Van links na regs: Robinson, Bekker en Terreblanche gesels saam. FOTO's: ANNELIE MARé

**China die volgende wêreldmag?**

China is niks anders as 'n imperiale buitepos van Amerika nie.

Dít was die standpunt van prof Sampie Terreblanche, emeritusprofessor in ekonomie aan die US, op RSG se meningsprogram Praat Saam met Freek Robinson. Sy gespreksgenoot was mnr Koos Bekker, besturende direkteur van Naspers.

Die onderwerp was: Behels die ekonomiese opkoms van China 'n verskuiwing van mag na die Ooste?

Volgens Terreblanche het China in 1832 sowat 33% tot die wêreld se algehele produksie bygedra. Dié aandeel het gekrimp tot 4,6 % in 1950 weens Engeland, Amerika en Frankryk se "wrede, ongenaakbare uitbuiting" van China. Dit het dié land se handwerkbedryf vernietig.

"In die afgelope dertig jaar is die werkplek besig om terug te skuif na China," het Terreblanche gesê.

Maar dit beteken nie China gaan in die volgende 30 tot 50 jaar die status van wêreldmag by Amerika oorneem nie, meen Terreblanche.

Amerika is China nog ligjare vooruit wat intellektuele eiendom en tegnologie betref. Amerikaanse transnasionale korporasies belê groot hoeveelhede geld in China en trek voordeel uit dié land se goedkoop arbeid. Dié situasie "kan net verander deur bloedige oorloë," het Terreblanche gewaarsku.

Bekker glo egter "die kans is baie goed dat China die grootste ekonomie in die wêreld gaan word".

Die Chinese se reuse-voorrade van natuurlik hulpbronne, hul verbluffende werksetiek en die uitstekende gehalte van hul onderwys is volgens Bekker die hoofredes hiervoor.

**Nie so maklik soos wit of swart: bruin identiteit in soeklig**

"Waar lê die skeidslyn tussen rasbewustheid en rassisme?

Met dié vraag het Robinson sy gesprek met dr Danny Titus van die Bruin Belange Inisiatief (BBI) en prof Russel Botman, rektor van die US, aan die gang gekry.

En, is gevra, het 'n organisasie soos die BBI nie moontlik 'n verdelende uitwerking op 'n multikulturele samelewing nie. Maar die gespreksgenote het ook die opbouende rol bekyk wat die BBI in die bruin gemeenskap kan speel.

Volgens Titus is die bevordering van 'n bruin identiteit versoenbaar met 'n nie-rassige samelewing. "Ons sluit geensins mense uit nie, maar fokus eerder op die belange van die bruin gemeenskap," het hy die BBI se beleid opgesom.

Botman het bygevoeg bruin mense moet baie bepaalde probleme die hoof bied, en dat daar dus "'n plek vir iets soos die BBI in Suid-Afrika is". Hy het die hoë uitvalsyfer onder hoërskoolleerlinge uitgelig as 'n uitdaging wat veral bruin gemeenskappe op die platteland raak.

Titus het sy siening van kleuridentiteit verder verduidelik aan die hand van bruin mense, na wie hy grappenderwys as Obama-beige verwys het, se besondere kulturele en geskiedkundige agtergrond.

Botman het beklemtoon dat armoedeverligting op 'n gelyke grondslag en ongeag van mense se kleur moet plaasvind. Daarop het Titus sy hoop vir die land se toekoms uitgespreek, 'n land waarin swart, bruin en wit jongmense volgens hom al hoe meer in gesprek met mekaar tree.

**Nuwe, jonger gees in politiek**

Ses miljoen jongmense is reeds geregistreer om in vanjaar se verkiesings te stem. Met die vorige verkiesing het dié getal op slegs vier miljoen gestaan. Geen wonder nie dat die vraag was of dit dalk 'n nuwe tydgees beteken waarin die jeug hul polities mobiliseer.

Wat het tot hierdie groei in kiesertalle onder die jeug bygedra? Is dit te danke aan partypolitiek, of dalk 'n meer rewolusionêre tydgees onder die jeug?

Die Wes-Kaapse jeugkommissaris, mnr Rudi Buys glo die jeug word vandag meer as groep gebind deur die uitdagings wat hulle die hoof moet bied. Jongmense van alle agtergronde word só aangemoedig om saam te span om oplossings vir hul probleme te vind.

Mandy Rossouw, senior politieke verslaggewer by die *Mail & Guardian*, het daarop gewys dat die jeug se storie in werklikheid *A Tale of Two Youths* is – dié wat reeds geleenthede ontvang, en dié wat nog nie die vrugte van die nuwe bestel kon pluk nie. Volgens die deelnemers is onderwys en werkloosheid albei sake wat vir die jeug na aan die hart lê.

# Rock, House innie gat

JOE WARREN & NOKUTHULA NCALA


ON SONG: Zebra & Giraffe enthrall students at Geraas Innie Gat. The event took place at the Neelsie Student Centre on the campus of the Stellenbosch University. PHOTO: FRANCOIS HAASBROEK

What follows is true. No, really.

My head hurts and I don't really remember what happened last night. I remember that I took notes though. Now if I could just find them. My neighbour says I stuffed them under my own door. I find and unfold the note and with it, my memory.

The event was slated to kick off at 18:00 but everyone knows that indie and alternative rock kids can never start on time.

The tide turned at around 19:55 and Ashtray Electric swept onto stage. Some of the crowd looked confused, like they'd expected to know all the music and sing along. This was not the case. They had to learn that bands don't just release radio singles.

Ashtray gave a decent account of themselves. They lacked the stage presence of some other SA bands I've seen recently, reminding me of the 'shoe gazing' era, but I'm sure a couple of massive gigs and some hard drugs will sort that out.

It must be mentioned that there were standout performances by two members. The bassist played some nifty riffs which grooved it all up. The drummer was also amazing. It's been a long time since I've seen such perfect synchronisation and rhythm.

The next band, Zebra & Giraffe, translated well from studio to live performance. I had been a little worried that the electronic elements would be discarded but this was not the case.

They gave splendid performances of their first two singles, "The Knife" and "Arm Yourself" and surprised with a pleasing rendition of Chris Isaak's "Wicked Game".

The headliners, aKING, were up next. There's not much I can say about aKING. All I managed to scribble by this time were things like 'ooh' and 'ah', so I gather they were good. But they always are; they're aKING!

Another highlight for the students, the Hunter's House Bash, also took place in the Neelsie.

Hundreds of diverse students came through in small groups and gathered around the stage, while local DJs from Stellenbosch, Khayamandi and Boland's finest kept the music pumping.

DJ Ready D took centre stage at eight and immediately aroused the crowd with his appearance. He played a variety of music ranging from Hip-Hop and R&B to Reggae and Afro-Pop.

This multi-skilled former Capetonian showed off his talent – turning simple beats into razor-sharp sounds. Not only did this impress the crowd but his ability to dance, mix and compose different sounds with his elbow and chin fascinated the audience as well.

Only one word is enough to describe Ready D: STUPENDOUS.

KwaZulu Natal DJ, Cindo, kept the crowd dancing to her mix of commercial and Afro-House music. She played popular songs which literally got her fans raging onto the stage. The music carried on, the people kept dancing and DJ Cindo's dancers enthralled the crowd with hip-shaking, groovy moves.

The final and most anticipated act of the night was Johannesburg's very own DJ Oskido – saving the best for last. His appearance alone drove the crowd to mass hysteria; some inebriated music revellers insisted on howling his name until he started playing. Nevertheless, the performance was flawless.

Oskido illustrated an ability to integrate different genres of music together – this is what makes him phenomenal.

Playing old-school Kwaito songs with contemporary house tunes, Oskido finished his set with his latest song, aptly titled: Tina Siya Groova (we are still having fun). The party ended in the early hours of the morning.

## Music: it is the universal language

TARRYN HARBOUR

It was a fusion of Western and African musical cultures as Madosini, the 'Queen of Xhosa music', joined the Cape Town-based Amici String Quartet on stage.

The evening began with the quartet playing South African composer Arnold van Wyk's "Five Elegies for string quartet" and Alan Stephenson's "String quartet No.4".

The Amici String Quartet is made up of former members of the Cape Town Philharmonic Orchestra. In 2006, Suzanne Martens (first violin) and her husband Peter (cello), Quentin Crida (second violin) and David Snaith (viola) came together to form the quartet, based on their shared love for chamber music.


Madosini PHOTO: MARTINETTE LOUW

Madosini (Latozi Mpahleni) is a well-known musician, composer and storyteller, born in Pondoland. When she was thirteen, her mother taught her to play the *uhadi* (berimbau – a single gut string on a wooden bow with a gourd 'sound-box' attached), and her involvement with music has never stopped since then.

"The Songs of Madosini" is incidental music based on a selection of Madosini's songs, composed by Hans Huyssen, a senior music lecturer at the University of the Free State.

The work depicts scenes from Madosini's life – as a young girl in the Eastern Cape, a young woman moving from Mthatha to Cape Town, an older woman seeing Madiba for the first time.

The piece uses a string quartet, a clarinet and a narrator, and three traditional instruments: the *uhadi*, the *umrhubhe* (mouth bow), and the *isitolotolo* (Jew's harp). The different sounds of the Western and African instruments are contrasting, yet complementary: a juxtaposition particularly suited to our South African context.

Madosini performed with the Amici String Quartet for the first time at last year's Grahamstown Festival. "It's lovely working with Madosini," says Peter Martens.

"She always greets us with a big smile, open arms." Even though they don't speak the same language, they communicate through the music. Says Martens: "It's a universal language." This symbiosis is evident on stage, as they combine their different cultures and musical traditions to create beautiful music. The audience was transfixed throughout the performance, and gave the musicians a standing ovation.

## Liedjies soet soos Sally se Nougat

PIETER-LOUIS MYBURGH


Jak de Priester in sy element. FOTO: FRANCOIS HAASBROEK

Dit is reeds warmer as op die dansbaan van 'n middagtroue in Upington, maar net toe die De Priesterband op die punt is om die verhogie te betree, maak iemand wraggies nog die deure ook toe. Die sauna verander oombliklik in 'n lewensbedreigende oond.

Terwyl ek nog wonder hoekom die grimering van die opgewonde tannies rondom my nie saam met my sweet op die vloer lê nie, stap vier opgetofte mannetjies na hul onderskeie instru- mente. Kompleet soos *Die Neutekraker* se soldaatjies – groen uniforms met geborduurde patrone op die bors basuin dit uit: ons hoort saam!

Ná 'n dramatiese instrumentele intro verskyn Jak voor die mikrofoon, net so uitgevat soos sy "back-up" kêrels. Sy kort, vet dassie laat my sommer terugverlang na die dae toe ook ék nie 'n das reg kon knoop nie.

Die gebruiklike voordat-die-gehoor-gegroet-word openingsnit kon net sowel "Proudly South African" se temalied wees. "As almal oorsee trek, wie gaan vir kykNet werk?" wonder Jak, terwyl ek wonder of die Stormers al 'n drie gedruk het.

"Goeie middag," groet Jak opgewek, "dankie dat julle ten spyte van die rugby opgedaag het."

'n Paar ooms, wat waarskynlik eers ná die onfeilbare rusbankdreigement-tegniek van hul posisies voor Supersport verwyder is, lyk nie naastenby so ingenome met dié gespottery soos Jak blykbaar is nie.

Dan is dit tyd vir 'n mededeling van 'n metafisiese aard. Jak glo nie in reïnkarnasie nie. (Ook nie dat ons eers "ape was wat slimmer en witter geword het nie".) Hy glo egter indien eersgenoemde wel bestaan het, Vernon Koekemoer die gereïnkarneerde weergawe van Elvis (Presley) sou wees. Terwyl die gehoor nog effens verward aan hierdie breintoffie kou, val die manne weg met "Elvis is nie dood nie". Dit lyk of 'n paar van die rugby-ooms Jak vir 'n wyle vergewe het.

"Groen Mamba," die titelsnit van Jak se jongste album, verwys na 'n oor-die-toonbank-middel wat glo jou kleuter in droomland hou "tot net voor hy skool toe gaan". En ironies genoeg "Prozak vir jou vrou" en "'n Disprin elke aand om die bloed dun te hou" om die verskrikking van 'n middeljarige bestaan te versag. Jak se jeugdige gehoorlede giggel oor sy vernuftige rymelary. Sy meer deurwinterde "fans" ignoreer die ironie en skuif ongemaklik in hul stoele rond.

Voordat jy eindfluitjie kan sê, is dit tyd vir die laaste item van die middag. "Sally Williams Nougat," Jak se deurbraaktreffer, word aan 'n verjaardagnooi in die gehoor opgedra. "Ek mis ons stoeigevegsessies as ek oor jou rol," weerklink Jak se amoreuse reël. Ek dag die "birthday girl" se ma sou darem haar laerskooldogter se ore toedruk, maar Mammie is gans te besig om haar hande op die maat van die musiek te klap.

# 'Woorde Open Wêrelde' maak skoliere Maties vir dag

COLIN HENDRICKS

Maties vir 'n dag. Dít is wat die afgelope *Woorde open Wêrelde* (WOW) op 'n spesiale Wow-dag van gr 12-leerlinge uit 54 skole in die Wes-Kaap gemaak het.

Henry Jeffreys, redakteur van *Die Burger*, was onder die gassprekers. Werk- en inligtingsessies oor die Universiteit van Stellenbosch (US) se toelatingsvereistes is ook aangebied.

'n Skool-dramaproduksie, 'n musiekvertoning en Errol (Christo Davids) van *7de laan*, was deel van die bederf.

Later was hulle by die *Mardi Gras* op die Braak waar Oscar Petersen van *Joe Barber* en Karin Kortje van *Idols*-faam hulle vermaak het. Daarna was dit die mallemeule en stalletjies op die Van der Stel-sportgronde se beurt.

Die WOW-projek is 'n niewinsgewende projek wat in 2003 deur die Woordfees-direkteur, prof Dorothea van Zyl, en me Fiona van Kerwel begin is. Dit loop regdeur die jaar. Vanaf 2006 is die WOW-dag 'n jaarlikse instelling by die Woordfees. Die teikengroep van dié taalgerigteprojek is leerlinge uit hoofsaaklik voorheen benadeelde gemeenskappe.

Die projek is begin om hierdie leerlinge bewus te maak van die geleenthede in taalgerigte professies.

Die projekte sluit in skrywersbesoeke, beurse, 'n skoolkoerantprojek, "verf- en vers", 'n drama- en leesprojek en natuurlik die WOW-dag.

Die WOW-dag is volgens Van Kerwel, die projekbestuurder, baie belangrik, deels "om leerlinge bloot te stel aan die moontlikheid van verdere studie aan US en om hul perspektiewe te verbreed".

Van Kerwel sê die projek verbeter veral leerlinge se taalvaardighede.

'n Nuwe "Woelige werkswinkel" is vanjaar by die WOW-dag begin. Hier leer die leerlinge om gedigte te skryf en dit voor te dra of te lees. Bekende skrywers soos die digter Diana Ferrus en die akteur Abduraghman Adams het die werksessies aangebied.

Van Kerwel is baie opgewonde oor dié nuwe werksessie.

"Daar is definitief 'n groot behoefte aan projekte soos hierdie omdat leerlinge soveel blootstelling gegee word."

Maar die WOW-dag is nie net 'n dag van blootstelling aan Matie-lewe nie, maar dit is die begin van groot dinge vir sommige van die leerlinge.

Ná die WOW-dag word beurse toegeken aan leerlinge wat die WOW-dag bygewoon het sodat hulle taalgerigte kursusse aan die US kan kom studeer.

Sedert 2006 is 20 beurse al toegeken.

Maar dit is nie net die jeug wat die afgelope WOW-dag geniet het nie. Die WOW-projek het vanjaar ook 'n langarm Snack Dans aangebied.

Hier het die grootmense van Stellenbosch die geleentheid gekry om heupe te wikkel om geld in te samel vir twee Stellenbosse organisasies.

"Ek is baie positief oor die pad vorentoe. Omdat dit so gegroei het, glo ek dit kan net beter gaan in die toekoms," sê Van Kerwel.

Maar vir haar is die belangrikste dat die leerlinge blootgestel word aan eindelose mootlikhede om wêrelde vir hulself oop te breek – deur woorde.

# Die note kom haal jou in Dorpstraat

## Goosen sê hy loop Aardklop, KKNK mis

ALET JANSE VAN RENSBURG, SALETTE CLOETE & MIA CILLIERS

### ORANGE STILETTOS

Vanaf 'n pers verhogie in die Dorpstraatteater kom haal die note jou.

'n Warm, ryk klank wat jou toevou en welkom heet. 'n Halfbekende klank. Jazz? Klassiek? Blues? Jy sak behaaglik terug in die stukkies bekendheid. Ineens haal die note snaakse kaperjolle uit en 'n vloed van emosies golf deur jou.

Jy swaai en jy val en net voordat jy holderstebolder met jou hart in jou keel in 'n donker gat inval, tel die note jou op en jy dans, ligvoets en met die vreugde van 'n kind.

Of soos 'n vrou met hoë oranje spykerhakskoene aan haar voete.

Maar vir dié musiek van die Orange Stilettos het jy nie spykerhakke nodig nie, kaalvoet sal ook doen. Dis op en dis af en met dié groep weet jy net nooit wat om volgende te verwag nie.

Behalwe dat jy moet verwag om heeltemal meegevoer te raak.

Volgens Orange Stilletto's se Marise Landman en Liezel Fourie val hul musiek nie sommer netjies in 'n bepaalde kategorie nie.

Wat hulle opdis, is 'n kombinasie van jazz, blues, kabaret en klassieke musiek. Hulle word nie verniet geïnspireer deur mense soos Debussy, Rachmaninoff, Tori Amos en Fiona Apple nie. Hulle dus in 'n boksie plaas? Nie maklik nie.

Maar praat van 'n revolusie op musieknote, en jy praat van die Orange Stiletto's.

### ANTON GOOSEN

Rooi veters in sy vellies, 'n ou pet, 'n T-hemp met Bob Marley se gesig en Anton Goosen lyk hier kompleet soos die beleë rockster wat hy is.

Voeg daarby sy twaalfsnaar kitaar en 'n gehoor wat aan sy lippe hang, en Goosen sing die verhoog aan die brand.

Dié "boy van die suburbs, nou van Gansbaai", besluit nooit regtig voor 'n show wat hy gaan sing nie. "Ek sing uit my kop of wat die gehoor aanvra," vertel Goosen.

En hy maak sommer tussen liedjies deur praatjies met die gehoor. "Wat wil julle hoor?", vra hy. "Trompie!" skree iemand uit die gehoor. "Nee, 'Byeboer'"! Toe trek hy los met "Appelkoos" en die gehoor juig.

Goosen meen die Woordfees is een van die min feeste wat nog 'n suiwer kunstefees is. Hy gaan beslis Aardklop en KKNK misloop vanjaar, sê hy. Dit het volgens hom in 'n dronknes verander en is glad nie meer lekker nie.

Toe slaan hy oor na die belangrikheid om lojaal aan jou kuns te bly. Volgens hom maak baie kunstenaars deesdae die fout om met "backtracks" te sing.

### GERT VLOK NEL

In sy swart leerbaadjie en blou jeans lyk Gert Vlok Nel 'n bietjie "grunge" vir die delikate Dorpstraatteater.

Tog, wanneer die Afrikaanse Leonard Cohen sy mond oopmaak (al is dit net effens) lyk hy maar skamerig en het min interaksie met die gehoor.

Sy kaggel-en-rooiwyn-"tunes" en diep, binnensmondse stem sweef soos 'n wiegelied deur die teater, maar sy flair lê in sy bytende digkuns en plattelandse aksent wat bydra tot die egtheid van sy stories.

Ná die derde liedjie begin alles dieselfde klink, want drie of vier akkoorde kan tog seker net só doeltreffend wees.

Hy praat nie juis tussen sy liedjies deur nie en sukkel om oogkontak met sy gehoor te maak. Dis 'n jammerte dat sy vertoning effe flou is, want sy digkuns bly iets besonders.

Vir sy debuutbundel, *Om te lewe is onnatuurlik* het Nel die Ingrid Jonker-prys ontvang.

Dit is opgevolg met *Om Beaufort-Wes se beautiful woorde te vergeet.*



Anton Goosen in die Dorpstraatteater. FOTO: FRANCOIS HAASBROEK



Kayamandi Masiyande and Nomfusi. PHOTO: SAMANTHA STEELE

# Woordfees meets Kayamandi

NOKUTHULA NCALA AND CHARL DU PLESSIS

The first turn we take is wrong.

**Charl:** Stop and ask for directions, Thuli says (she is a woman after all).

And then she gets out, leaves two middle-class white students in a car in one of Stellenbosch's townships during rush-hour!

I nervously think of the camera equipment, the car radio and the blinking petrol light. That's what white middle class students in a township are supposed to think, right?

I act cool when Sam mentions the scene is exactly like a Willie Bester painting – complete with a ragged cat pawing at garbage and a hand-written sign advertising "cheep" haircuts.

Ten minutes and some helpful directions later we're watching Kayamandi Fusion at Roots Restaurant. I relax.

**Thuli:** After a week of attending different shows which mainly celebrated the Afrikaner, my heart was opended to the possibilities of being a nation where language, race and culture do not determine who we are and where we are heading.

I then knew it was possible to establish a good relationship with one another when we choose to put our differences aside. The sounds of women ululating whilst Sharon Kats and the Kayamandi Masiyande girls perform a song by the late Miriam Makeba's Nkilonko (the beautiful sounds made by birds) still echoes in my ears.

I still see us togethet, listening to the music and embracing the spirit of ubuntu. It became a reverberation of Nelson Mandela's inauguration speech: The time for the healing of the wounds and the moment to bridge the chasms that divide us has come, he said back then.

On this night in Kayamandi I watched little black girls and boys dancing to all kinds of music whilst little white boys and girls played around the yard. Completely at ease in these surroundings.

I still see us: young and old, women, men, black and white, just savouring this beautiful moment together.

**Charl:** It's quite late when we drive out of Kayamandi with our windows open. As we reach the familiar campus I can't help but think that everything seems a little alien.



Tannie Appels waarsku Rooikappie teen die wolf terwyl nutsman Fourie werk. FOTO: MARTINETTE LOUW

# Rooikappie vir vandag se kind

SALETTE CLOETE

Rooikappie en die wolf was vanjaar weer op die planke, maar hierdie keer het 'n paar onwaarskynlike karakters hulle vergesel.

Onder vandag se kinders is daar min wat weet wat 'n houtkapper is en daarom is dié held uit die bos vervang deur Faktotum Fourie, die nutsman. En dit is dan ook Faktotum se hammer wat aan die einde van die verhaal tot Rooikappie se ouma se redding kom.

Nog nuwe gesigte was die apteker Klieks en tannie Appels. Klieks is gespeel met 'n snaakse Japanse aksent in nabootsing van die karakter "Mr. Miyagi" in die rolprent *Karate Kid*. Die jong gehoor het geskater van die lag toe dié verspotte karakter vir ouma vitamines stuur wat soos "Bruce Lee vir griep is".



Die vriendelike Tannie Appels. FOTO: MARTINETTE LOUW

Tannie Appels is "geleen" uit *Slapende Skoonheid* en die kinders is vergas op haar vriendelike vertolking van die nare heks in dié sprokie.

Met al dié nuwe karakters en draaie in die storie het die ou Rooikappie kompleet soos iets uit die oudedoos gelyk. Dit kinders wat kom kyk het, kon beslis nie kla dat hulle verveeld was nie.

Maar die aangepaste Rooikappie het steeds die waardevolle lewenslesse oorgehad wat kinders oor die jare heen uit die sprokie geleer het: Moenie met vreemdelinge praat of jou adres vir hulle gee nie. En moenie jok nie!

Die jong gehoor was 'n bietjie oorbluf toe Faktotum die wolf se maag oopsny. En dit nogal met elektriese toebehore!

'n Paar tonele was miskien nie geskik vir die sensitiewe kleuter nie, maar hierdie tonele was weer vir mamma 'n wandeling deur 'n woud van herinneringe.

# Kinderboeke: Is dit fiksie, filosofie of 'fluff'?

GERDA-MARIÉ VIVIERS

Kinderboeke is nie meer kinderspeletjies nie. Die kuns, illustrasies en animasies wat deesdae in kinderboeke gebruik word, verskil hemelsbreed van dit waarmee die meeste van ons grootgeword het.

Paddy Bouma, Diek Grobler en Dale Blankenaar het tydens *Kinderboeke: Filosofie, fiksie of fluff?* met die digter Danie Marais gesels oor die nuwe neigings in kinderliteratuur.


Veral animasieprente verleen nou 'n nuwe dimensie aan die karakters wat in kindertekste uitgebeeld word.

"Animasie verskaf belangrike klankelemente en bied die geleentheid om grappies by te voeg. Boeke het eenvoudig net nie dieselfde emosionele waarde of impak as film nie," meen Grobler. Maar die gebruik van animasie in kinderboeke het beslis 'n invloed.

"Om boeke te illustreer vereis kundigheid," het hy benadruk.

*Het Vogeltjes ABC* van Piet Grobler, Diek se broer, getuig van dié soort kinderboeke se sukses. Dié kort Nederlandse animasierolprent illustreer die alfabet op 'n prettige wyse. Grobler het dié kortfilm laat maak om in DVD-formaat saam met sy boek, *Little bird's ABC*, te verkoop. Dit is baie goed ontvang in Europa en is ook onlangs by die Internasionale Animasiefees in Iran bekroon met die prys vir beste animasie vir kinders en jong volwassenes.

Die manier waarop kinderboeke geskryf word, het ook verander. Die skrywer en illustreerder Bouma se nuutste kinderboek, *Die Muisboot*, is byvoorbeeld nie slegs fiksie nie. Dit het 'n filosofiese inslag en is ook 'n analogie van haar ervarings oorsee. "Kinders sal in die toekoms weer karakters se name teëkom en besef dit het 'n dieper betekenis gehad," het sy verduidelik.




Dit is deesdae ook gewild om 'n storie in 'n storie te skryf. Blankenaar, mede-illustreerder van die *Nuwe Kinderverseboek*, het vertel dat hierdie post-modernistiese manier van skryf ook in dié boek gebruik is. Die bladsye in die boek word só uitgelê dat daar ook 'n deurlopende storie in die verseboek afspeel.

Met al die nuwe ontwikkelinge in die wêreld van kinderboeke is dit dalk tyd dat ouers hulself afvra of húlle vir hul kinders boeke moet uitkies of die keuse aan hul kinders moet oorlaat.

